NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 19 - 2017 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS SINODE

Sinode Goudland se sinodesitting

Let asseblief daarop dat ons sinode se sinodesitting op **31 Oktober 2017** te Helikonparkdie Tuiste van Sinode Goudland, plaasvind. Dit sal net ‘n eendag-sinode wees.

Konferensie oor hermeneutiek

Die Taak span vir Leer- en Aktuele Sake beplan ‘n Konferensie oor Hermeneutiek en nooi die predikante van Sinode Goudland uit na ‘n verkenningsvergadering op **26 Junie 2017** om 10:00 by Helikonpark. Dis ‘n ope uitnodiging aan al die predikante wat sou belangstel om deel te wees van die reëlings vir hierdie konferensie. Laat weet asseblief vir Sarel Marais by dr.smarais@gmail.com of jy kan kom help teen 21 Junie, sodat die nodige voorbereidings getref kan word. Ons sien uit na ‘n Taakspan wat regtig ons sinode tot nut sal wees.

- Dr. Sarel Marais

ANDER NUUSBROKKIES

Vrystaatse NG Kerk: Gereformeerd en Pragmaties

Tydens hulle sinodesitting vandeesweek in Bothaville is Pieter van Jaarsveld (moderator), Carin van Schalkwyk (herkose skriba) en Riaan van Zyl (ondervoorsitter) tot die moderatuur van die NG Kerk Vrystaat verkies.

Volgens ’n berig op e-Kerkbode is hulle grootste werk om betrokke in hul eie konteks en wyer in hulle gemeenskap te wees. Lees hier meer. (Foto met dank aan e-Kerkbode) Ons bid julle seën op julle werk toe, kollegas! (met dank aan VrydagNuus)

Suid-Kaapse brande: Oorweldigende reaksie - Soveel dankbaarheid!

Ons is saam met die betrokke gemeentes opreg dankbaar vir die oorweldigende reaksie vir hulp aan die slagoffers van die onlangse brande (en storms in die Kaapse Skiereiland.)

Ons is opgewonde dat die bystand wat aangebied word, nie net finansieël is nie; mense skenk hulle tyd, hulle vaardighede. Mense is met hande, voete en harte in die Suid-Kaap en vergestalt tussen die hartseer, roet en as deur hoe 'n gemeenskap van gelowiges lyk en werk.

Ons hoor van skenkings van ons broers en susters in Marikana en die RCJ (Reformed Church in Japan) - kollegas wat trauma persoonlik beleef het. Ons ontvang kennis van insamelings en inbetalings van so wyd as Namibië, Goudland, die Oos-Kaapland (om maar enkeles te noem). Ons hoor van ons kollegas in die NG Kerk in die Vrystaat wat tydens hulle sinodesitting besluit het om 'n bedrag van R1 miljoen aan die rampfonds van die NG Kerk in SA te skenk om die nood in dié streek te verlig. Baie dankie vir elke vorm van meelewing. Bid asb vir die Suid-Kaap.

Lees gerus ook hoe Eugene Barnard (NG Knysna) skryf.

Ondersteuning aan Wes- en Suid-Kaap

Meer inligting oor praktiese hulp en ondersteuning is by die volgende skakel beskikbaar: https://kaapkerk.co.za/natuurrampe-praktiese-hulp-en-rampfonds-van-die-ng-kerk-in-sa/.

26 Junie 2017 – Internasionale dag teen drank- & dwelmmisbruik en mensehandel

Volgens die Verenigde Nasies se Kantoor vir Dwelms en Misdaad is tussen 20 en 30 miljoen mense wêreldwyd in mensehandel vasgevang – met 20 % van die slagoffers wat kinders is!

Mensehandel is aan die toeneem in Suid-Afrika, maar ons as Christene kan 'n belangrike rol speel om hierdie euwel aan te spreek. CLF se nuwe pamflet oor hierdie onderwerp bespreek die voorkoms van mensehandel in ons land, hoe mensehandel verband hou met ander misdade, die twee vorme van gevangenisskap van slagoffers van mensehandel, wie kwesbaar is om betrek te word by mensehandel, fases van mensehandel, hoekom mense betrokke raak by mensehandel en dan ook hoe ons as Christene betrokke kan raak met die bekamping van mensehandel.

Hierdie belangrike pamflet is tans nog in die drukproses, maar die inhoud sal reeds van 15 Junie 2017 op CLF se webwerf www.clf.co.za onder gemeentetoerusting aflaaibaar wees. Indien u belangstel om die gedrukte pamflette te ontvang, stuur asseblief 'n versoek na order@clf.co.za en dit sal aan u gestuur word, sodra beskikbaar.

CAD Wesrand

Die CAD is nie 'n behandeling sentrum nie - dit is 'n ondersteunings groep. Ons vergader elke woensdagaand om 19:00 in die Annex by Constantiakruin gemeente. Address, H/v Liebenbergweg en Yolandérylaan, Constantia Kloof, Roodepoort.

Byeenkomste is informeel. Die doel is samesyn en wedersydse ondersteuning. Groeplede stel self die program op en 'n verskeidenheid van aktiwiteite word aangebied bv. Inligtingsessies, debat, Bybelstudie en sosiale byeenkomste.

Daar word gepoog om aktiwiteite interessant en aangenaam te maak. Geen druk word op lede geplaas om deel te neem aan besprekings of getuienisse nie. Lede voel egter so vinnig tuis dat hulle graag spontaan deelneem. Vertroulikheid word voortdurend gehandhaaf.

Ek kan gekontak word by 082 491 4865. Leer meer op ons webwerf.

- Andre Fourie

Skoliekamp 2017: "Gerat vir die lewe"

Datum: **3-8 Julie 2017** te Magaliesberg Jeugkampterrein

Vir volledige besonderhede, skakel die Admin kantoor: Kerk-in-Suid by 012-6582280, of die kampleier ds Wimpie Jordt op sy sel 083 230 2244, of epos: kudu@lantic.net.

Inskrywingsvorms beskikbaar by: Me Anita Hurn [tel 015 491 3537, faks, 015 491 3537 / 086 547 2382 of e-pos: admin@ngpottiessuid.org.za. (met dank aan Verskil)

Gratis bronne vir jeugbediening aanlyn beskikbaar

Annatjie Stander van Algoa Gemeenskapskerk skryf:

Ons wil u graag bekendstel aan ons Blog - JeugHartklop - wat ons so drie maande terug begin het. Daar is baie min gratis jeugmateriaal in Afrikaans beskikbaar en daar is 'n klomp materiaal op ons Blog wat ALLES gratis beskikbaar is.

Daar is lesse vir die Juniors - Graad 1-7 en vir die Seniors - Graad 8-12. Ons dek Sondagskool lesse, Jeuglesse, Kinderkerklesse en lesse vir Skolebedienings en 'n klomp ander materiaal soos speletjies ens.

Hier is die skakel na die Blog as u belangstel om daarna te kyk. https://algoagemeenskapskerk.wordpress.com/ (met dank aan Grenspos)

#imagine reël in 2018 weer landwye feeste

Teken solank die datum aan: **6-8 April.** Die gebedsgids wat deur #imagine opgestel is, is nou ook in Afrikaans beskikbaar. (met dank aan Familienuus)

Besinning oor Belydenis van Geloof

Die NG Kerk Algemene Sinode se Taakspan vir Belydenisaflegging het op Di 6 Junie met gespreksgenote by die Algemene Sinode se kantoor in Hatfield vergader. Die taakspan is in opdrag van die Algemene Sinode besig met 'n voortgesette gesprek: 'n herbesinning van die teologie en praktyk van die belydenis van geloof. Lees gerus hier verder. (met dank aan VrydagNuus)

Agter: Andries Kritzinger, Tienie Bosman, Anriëtte de Ridder, Anandi Greyling, Dieter de Bruin, Paul du Plessis, Johan Avenant
Voor: Malan Nel, De Wet Fourie, Fouché de Wet, Wikus van der Merwe

INTERESSANTE ARTIKELS

Nuwe geloofsgemeenskappe: God gee 'n ruimer hart as jy plek maak vir ander!

Om relevant kerk te wees in 'n veranderende gemeenskap, vra soms dapper keuses en aanpasbaarheid. In 'n artikel in *"The gospel coalition"* skryf Sarah E Zylstra in 'n pragtige verhaal hoe 'n kerk in Mississipi dit reggekry het.

"Now, at Redeemer, 'we experience the richness and goodness that comes out of the Presbyterian church without having to give up the goodness that came out of the African-American church.'

'The combination pushes people out of their comfort zones. People have to willingly forego legitimate comforts and preferences in order to be together,' Taylor said. 'But God expands your heart when you make room for the other, and that's the real blessing.' Die volledige artikel is hier. (met dank aan VrydagNuus)

Hallo Brein!

Vir diegene wat geïnteresseerd is in 'n gesonde brein (spesifiek as jyself 'n gesonde brein wil hê, behou of ontwikkel): hier is 'n oulike webblad waar jy meer oor die brein en breingesondheid kan leer: http://www.hellobrain.eu/en/ (met dank aan Grenspos)

Riglyne vir die hantering van betreding en grondbesettings

Tinus Ferreira hou lesers van Grens.Pos gereeld op hoogte met wat in die landbouwêreld gebeur.

Agri SA verwelkom riglyne vir die hantering van betreding en grondbesitting:

"Suid-Afrikaanse wetgewing beskerm die regte van wettige grondeienaars, daarom verwelkom Agri SA die riglyne wat die polisie ontwikkel het ten opsigte van hul rol en verantwoordelikheid om te verseker dat alle

polisielede binne die omvang van die toepaslike wetgewing en beleid optree wanneer hulle handel met klagtes van betreding, grondbesetting en onwettige uitsettings," sê Kobus Breytenbach, voorsitter van Agri SA se Landelike Veiligheidskomitee. Lees verder.

KURSUSSE EN OPLEIDING

Konferensie oor Skrifinterpretasie en Skrifgesag

Excelsus nooi u graag uit na die konferensie oor Skrifinterpretasie en Skrifgesag wat aangebied word deur die Noordelike Sinode. Hierdie konferensie vind plaas op **27 Julie 2017** by die NG Gemeente Brits. (H/v Kerk en Reitzstraat, Brits)

Die sprekers is Andries Kritzinger, James Kirkpatrick en André van Niekerk. Die kostes beloop R220 per persoon. (Sluit vingerete, koffie, teen en sap in). Registrasie vanaf 08:00. Program begin 09:00 en eindig 16:30. 6 VBO-punte word verdien!

Vir meer inligting en inskrywings: Kontak Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za / 012 420 6738 of kry die inskrywingsvorm by www.ngbrits.com

---

BYBEL MEDIA

Lees in die Kerkbode van 23 Junie...

KERKBODE
Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense
23 Junie 2017
Deel 198 · Nommer 9
FARM WORKERS CARE FOR EACH OTHER
By Hlokomela wen hulle die stryd teen MIV

... nuus oor die hulp van oral oor instroom na die Suid-Kaap om die nood te verlig wat ontstaan het nadat brande op plekke soos Knysna en Plettenbergbaai verwoesting gesaai het.

Daar is ook nuus oor die vergadering van die Vrystaatse sinode en van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se gevolgtrekking dat dié land se regering sy morele legitimiteit verloor het.

Lees ook die verhaal van 'n lidmaat in die Laeveld wat 'n verskil in die lewens van duisende ander maak, van 'n bediening in die Verenigde Arabiese Emirate en van die onlangse predikantekonferensie van die Oostelike Sinode.

Jongste Bybelkor-publikasie: Cultivating missional change

The future of missional churches and missional theology

Editors: Coenie Burger, Frederick Marais & Danie Mouton

Cultivating missional change reflects extensively on developments in the broad missional movement since the publication of the seminal book Missional church (1998). Purposely looking backwards, it endeavours to discern the way forward for missional theology and missional churches.

This publication is the outcome of a conference on the future of missional theology and missional churches, held in 2015 in Stellenbosch, South Africa.



The book is much more than conference papers. Important themes concerning the future of being missional surfaced during the conference. The collection, therefore, includes ten chapters written afterwards, serving as an indispensable roadmap for the continuing conversation on central missional themes.

Although critical of the way in which some missional views and practices developed, Cultivating missional change is convinced the term "missional" is just too important, too central and too meaningful for the Christian tradition to be abandoned.

Cultivating missional change offers a clear understanding of being missional, and promotes a more biblical and well-defined grasp of the Christian church as a missional church.

Prys: R390,00 (BTW en posgeld ingesluit).

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

e-Kerkbode

Neels Jackson, redakteur van Die Kerkbode, hou ons gereeld op hoogte van die jongste nuus in ons kerk in die e-Kerkbode. Klik op die skakel om al hierdie berigte te lees by: http://kerkbode.christians.co.za/. Dis 'n gratis nuusdiens.

Jy kan ook gratis op die e-Kerkbode inteken by: www.kerkbode.co.za en ontvang dan die kerknuus kraakvars op jou rekenaar.

Kerkbode - app: (Android selfone, tablette en Apple iPhone en iPad).

Die app is gratis beskikbaar by Google Play en Apple se App Store, en kan maklik opgespoor word deur vir die sleutelwoord "Kerkbode" te soek.

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, tel: (011) 660-7652, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant en preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wes Rand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com -- Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

---

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS

(Photo by Mel Silvers, attribution licence, Creative Commons)